Prof Kobus Kok

Prof. Kobus Kok

Prof. Kobus Kok is Hoof van die Departement Nuwe Testament en Direkteur van die Instituut vir Vroeë Christelike Studies aan die Evangelische Theologische Faculteit Leuven in België. Leuven is die oudste universiteitsstad in die Benelux (België, Nederland en Luxemburg) en naby Brussels in die hartjie van die Europese Unie geleë. Kobus is ook verbonde aan die Institute of Leadership and Social Ethics in Leuven. Voorheen was hy ’n predikant en toe Medeprofessor aan die Universiteit van Pretoria (2009-2015) waar hy steeds ’n NRF Y1 gegradeerde navorser en senior navorsingsgenoot is. Kobus het twee doktorsgrade – een in Nuwe Testament en een in Religiestudies en Sendingwetenskap. Hy studeer aan die Universiteit van Pretoria, die Universiteit Bonn in Duitsland en die Radboud Universiteit Nijmegen in Nederland en spesialiseer op die gebiede van Antieke Mediterreense Antropologie (Siekte en Genesing in Johannes) asook in Sosiale Identiteit, Dialogiese Self Teorie en die trek en transendering van (sosiale) grense in tye van konflik en verandering. Kobus is getroud met Martelize en hulle het twee seuns, Joshua en Heinrich. Hulle woon tans in Leuven naby ‘n pragtige woud.